RESENSIES

In 'n resensie word boeke, kunswerke, films, opvoerings, toneelspel, ens. beoordeel of gekritiseer, bv. in filmresensies gee resensente sekere inligting oor die film en die leser word ook aan- of afgeraai om die film te gaan kyk.

'n Resensie bevat:

- **'n Treffende opskrif**
- **Die naam of skuilnaam van die persoon wat die resensie skryf**
- **Goeie en swak punte**
- **Wie van die liedjie / CD, film, ens. sal hou.**

Filmresensie

Hou gerus die volgende in gedagte wanneer jy 'n filmresensie moet skryf:

- Die titel van die resensie is 'n samevatting van die inhoud en bevat reeds 'n aanduiding van die resensent se mening oor die film.
- Daarna skryf jy jou naam of skuilnaam.
- Dan volg die naam van die film, die name van die vernaamste akteurs en die regisseur.
- In die meeste gevalle gebruik resensente 'n evaluering, bv. sterre of 'n punt uit 10.
- In die eerste paragraaf vind jy gewoonlik 'n eerste of algemene indruk, of waarheid oor die film, sowel as 'n kort samevatting van die inhoud.
- Ander aspekte wat krities bespreek word, is:

  - 'n Meer uitgebreide bespreking van die inhoud – sonder om die 'geheim' of ontknoping te verklap.
  - Die vertolking en gehalte van die spel van die akteurs.
  - Fotografie of Kinematografie.
  - Tegniese aspekte soos beligting en kostuums.
  - Draaiboek en dialoog.
  - Musiek en klankeffekte.
  - Regie
  - Tema
  - Lengte en tempo

- Die slotparagraaf bevat gewoonlik 'n finale mening oor die rolprent of video en dui aan of die resensent weer daarna sal kyk. Dit dui ook aan of hy die lesers aanraai of afraai om daarna te gaan kyk.

WENKE VIR DIE SKRYF VAN 'N BOEKRESENSIE:

- Lees die boek noukeurig deur en skryf jou indrukke neer.
- Gaan kyk na 'n paar voorbeelde van boekresensies.
- Vind meer omtrent die skrywer en sy ander boeke (werk) uit.
- Voorsien jou resensie van 'n treffende opskrif.
- Verskaf die volgende inligting: titel, skrywer(s), uitgewer, publikasiedatum, formaat (slap- of hardeband), prys, aantal bladsye.
- Begin met 'n prikkelende inleidingsparagraaf.
- Dui die naam of skuilnaam van die resensent aan.
- Verdeel jou werk in paragrawe – gebruik 'n paragraaf vir elke punt wat jy omtrent die boek wil maak.
- Probeer om altyd die hooftema aan die begin te vermeld.
- Dis goed om aan te dui in watter genre (bv. avontuur, romanse, misterie) die boek pas.
- Lewer kommentaar oor die styl of aanbieding.
- Gee 'n kort opsomming van al die sterk punte en swak punte van die boek.
- Haal bewyse uit die boek aan om jou standpunt te staaf.
- Biografiese inligting kan help om jou opinie omtrent die boek te formuleer en gee "diepte" aan die resensie.
- Dui duidelik in jou slot en opsomming aan waarom jy die boek sal aanbeveel OF nie aanbeveel nie.
- Moenie kru beoordeel nie.

cd van die maand

kerse teen die donker
amanda strydom

Eerste indrukke: Amanda vang jou dadelik vas met haar sielvolle vertolking van elke liedjie.

Musikale inhoud: Die album bevat 16 liedjies en Amanda het 13 van hulle self geskryf. Daar is sosiale kommentaar, ballades oor die lewe, die liefde en dan ook 'n tikkie nostalgie. Daar is ook 'n verrassende duet met Stef Bos in *My kamer*.

Hoogtepunt: Sy sing op hierdie album in Afrikaans, Engels, Zoeloe en Nederlands. *Foto 1974, My nostalgie, Sara Stoepsit* en *Pelgrimsgebed* is almal aangrypende liedjies. 'n Persoonlike gunsteling was *My kamer*.

Radiotreffers: *Sara Stoepsit, Pelgrimsgebed* en *My nostalgie*.

Vir wie? Enige aanhanger moet hierdie album koop. As jy egter nog nie 'n aanhanger is nie, sal dié album jou oortuig om een te word.

Uit: *Taalgenoot*, Junie 2008

junie 2008 Taalgenoot <<

Lekkerleesboek vol towerkrag

Skulduggery Pleasant – Derek Landy Sagteband. Harper Collins Publishers

VERBEEL jou 'n geraamte in 'n pak klere en 'n hoed red jou lewe.

Dit is presies wat met Stephanie Edgley gebeur. Nie net is dit 'n heeltemal nuwe ondervinding nie, maar dit verander ook haar hele lewe.

Sy bevind haar skielik in 'n wêreld van vampiere en *magic* – een waar alle mense drie name moet hê.

Skulduggery Pleasant – die geraamte wat haar lewe gered het – is 'n speurder wat misterieuse sake oplos en altyd iets slinks van sy bose vyand, Nefarian Serpine, verwag.

Stephanie besluit om by Skulduggery en sy wêreld aan te sluit omdat sy haar eie lewe vervelig vind. Dié twee kom later agter dat haar oorlede oom, Gordon, wat ook 'n vriend van Skulduggery was, haar drie treë voor was en klaar geweet het Serpine sal altyd ietsie in die mou voer.

Hierdie boek is die geskrewe bewys dat 'n mens *supercool* boeke kry. Enigiemand wat nou sê lees is *boring*, sal ek eers met dié boek oor die kop slaan en hulle dan dwing om dit te lees! Dit lees maklik en 'n mens kan presies sien hoe die gebeure voor jou afspeel. Verder is Skulduggery Pleasant ook die *smooth*-ste karakter wat ek in 'n lang tyd teëgekom het. Sy skerpsinnige aanmerkings sorg deurentyd vir 'n glimlag. – **Mia Jordaan (15)**

GROOT SKERM
DEUR LEON VAN NIEROP

ELEGY ■■■■

Drama. Met BEN KINGSLEY en PENÉLOPE CRUZ. Regie: Isabel Coixet. 10 GNS. Begin op 26 Desember draai.

Waaroor gaan dit?

'n Viriele beer van 'n professor aan 'n universiteit slaap tradisioneel aan die einde van die akademiese jaar by sy gunsteling-student. Toe hy nog 'n beeldskone student verlei, verander sy sy lewe onverwags.

Wie sal hiervan hou?

Outoppies kla dat flieks deesdae net vir melkbaarde gemaak word, maar hierdie fliek spreek tot manne en vroue met ervaring. Dit is intens en besielend en gaan oor moraliteit, toewyding en die aanvaarding van die ouderdom. Dit is baie erotïes en bekyk die oeroue tema van 'n ou bok wat 'n jong blaartjie lus uit 'n gesofistikeerde, vars en onbevooroordeelde oogpunt. Intimiteit en seks met verantwoordelikheid is selde tevore so raak en in sulke goeie smaak aangepak.

Wag vir die DVD?

Daar is soveel snert wat op die oomblik in die rolprentteaters vertoon word dat enige goeie rolprent kop en skouers bo die sentimentele Kers-spookasem uitstaan. Gaan kyk na hierdie fliek op die wye doek as jy soek na vermaak wat iets meer om die lyf bied as mooi mense wat glansryk lyk terwyl viole en sagte lense die gehoor troos. Elegy het Oscar oral oor hom geskryf en kan jou geloof hier in die Kerstyd in rolprente herstel. Aanbeveel vir volwassenes.

Soortgelyke flieks

Lakeview Terrace, Reservation Road, Married Life.

Penélope Cruz en Ben Kingsley maak vir mekaar ogies in Elegy.

Springmieliefeite

- Penélope Cruz is al dikwels as die sexyste vrou ter wêreld aangewys.
- Sy het in 1997 sendingwerk in Uganda gedoen.
- Sy het 'n vegetariër geword nadat sy aan All the Pretty Horses gewerk het.

Welkom terug, Gian

Gian Groen
Welkom in Somersburg

DIE meesterlike liedjieskrywer Gian Groen is terug met 'n nuwe album, getiteld *Welkom in Somersburg*.

Vir dié wat 'n *memory jog* nodig het: Gian het met die *band* Spinnekop begin en die liedjie "Vier Seisoene Kind" geskryf, wat later deur Laurika Rauch opgeneem is.

Lied van die Engele, sy vorige poging, was 'n wonderlike album. Nou hoe vergelyk dié een?

Wel, dit is steeds kommersiële rock. Hy het ook beslis nie die vermoë verloor om heerlike melodieë aanmekaar te ryg nie.

En daai rasperstem gaan waarskynlik steeds die knieë van menige dame (en dalk mans ook) laat knikknak en hulle laat sug: "Hy kan maar sý skoene onder mý bed inskop". Steeds, ook, is daar sy manier om dinge so mooi te stel: "Te veel vrede rondom Lambertsbaai om oorlog te wil maak" in "Weskus Skemer", byvoorbeeld.

Klits hierby in die absolute *awesome* (*awesome!* sê ek) tjoen "Leeu-Gamka" wat Groen saam met die Liedjieboer, Anton Goosen, geskryf het (luidens 'n nuusverklaring maak dit van hom die eerste kunstenaar wat saam met Anton 'n liedjie geskryf het) en jy sit met 'n deeglike opvolg vir *Engele*.

Daar is egter dinge wat pla: Groen se *covers* van daai twee groot Kose van Afrikaans (Kombuis se "Bicycle sonder Slot" en Du Plessis se "Sprokie vir 'n Stadskind"), hoewel anders as die oorspronklike, voel so half verdwaal op dié album. Hy is as liedjieskrywer bedrewe genoeg. Los die *covers* vir *live shows*.

Daar is ook twee tjoens, "Niks" en "Rooiwyn en Candlelight", wat reeds op vorige albums verskyn het, wat ook ontuis voel, soos 'n WP-ondersteuner op Loftus.

In die algemeen, egter, is dié 'n stewige album en 'n goeie belegging vir veral dié wat Groen se musiek nog nie ken nie.

↑ Beste snit: "Leeu-Gamka".

↓ Swakste snit: Bogenoemde *covers* en *songs* wat reeds verskyn het.

– Leon-Ben Lamprecht

Uit: *Taalgenoot*, September 2007

suurlemoen
jaco jacobs

Suurlemoen het een oggend in die vakansie heel toevallig op my skoot beland. Toe ek dit eers opgetel het, kon ek die boek nie weer neersit nie. Dit handel oor drie tieners wat hulle in 'n bykans onmoontlike situasie bevind.

Hoe op aarde wil Zane 'n rockgroep met drie selfgeskrewe liedjies oor vier weke op 'n verhoog hê as die orkes nog nie eers weet watter musiek hulle wil speel of selfs 'n naam het nie? Maar die gesegde sê mos: "*When life hands you lemons, make lemonade!*" Soos die orkes op dreef begin kom, raak Tiaan, Zane, Liezl en Bongi groot vriende, maar daar is 'n kinkel in die kabel in die vorm van 'n liefdesdriehoek. Jaco Jacobs kry dit goed reg om in tipiese tienertaal te skryf. Ouens en meisies sal van hierdie boek hou. Vermaaklik, prettig, interessant en soveel meer, van die skryfstyl tot die uitleg. Rock voort, Suurlemoen!

Suurlemoen (R70) is *uitgegee deur LAPA Uitgewers. Die resensie is geskryf deur Emilië Rossouw (14) van Cullinan Gekombineerde Skool.*



Rooi Luiperd
François Bloemhof
Human & Rousseau
(R140)

OPENINGSINNE:
"Katvoet nader aan die gebou. Hy het nog geen beweging gewaar nie, maar daar moet oppassers wees: dis standaardpraktyk dat bouers snags mense in onvoltooide geboue laat slaap, en verseker in grotes, belangrikes soos dié."

DIE STORIE: Mark Steyn, 'n geheime agent en die hoofkarakter in *Rooi Luiperd*, probeer die Hidra uitoorlê om een van die Groot Vyf, die room van Suid-Afrika se geheime agente, te word. Hidra is 'n organisasie wat vergelyk word met 'n dier wat sewe of nege koppe het, maar aangroei soos dit afgekap word. Die Hidra het 'n gifgas ontwikkel wat mense met vrees vervul en waansinnig maak. Die leser leer die vrees ken van onder andere Lana Dubois, 'n bedryfsielkundige wat die geheime agente help keur, en ook die vrees van die agent Van der Westhuizen, wat aan die begin van die boek spoorloos verdwyn. Dis om sý plek in die Groot Vyf, wat Steyn meeding.

MENING: Bloemhof sorg vir groot aksie en opwinding. Tussen Steyn en Lana is daar momente van aangetrokkenheid, maar ook 'n fyn spel om mekaar te probeer uitoorlê. Die uitkoms van hierdie spel blyk eers in die laaste paragrawe van die voorlaaste hoofstuk, soos heelwat ontknopings van die verskillende spanningslyne net voor die einde van die boek gebeur. Dit sorg vir talle verrassings. Ook sorg Bloemhof vir 'n kragtoer van 'n spel met identeite. Hy verdoesel dit so goed en skryf met soveel vernuf dat die leser die ware toedrag van sake eers besef wanneer alles aan die einde van die verhaal soos 'n legkaart saamval. Om alles te kroon dra beskrywings van die gebeure in die Hidra 'n uitdagende seksuele kleed!

Met hope aksie, intrige en knap woordekonomie bewys Bloemhof dat hy een van die toonaangewende spanningsverhaalskrywers in Afrikaans is.

Resensent: Danila Liebenberg

BOEKE-INSIG SÊ: Bloemhof op sy beste!

Uit: *Boeke-Insig*, Somer 2009